

Woensdag 31 Oktober (Hervormingsdag)

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs

Voortdurende gebed gee energie vir die stryd van die gelowige

Hervorming beteken terug na die Woord van God, en om die Woord te kan hoor en toe te pas, is gebed onontbeerlik. Gebed was die manne wat voorgeloop het in die 16de-eeuse Reformasie se krag om teen 'n magtige stroom in te gaan en die energie om Skrif-beginsels vir die gelowiges en die kerk en die samelewing neer te lê. Deur gebed om die leiding van die Gees kon hulle met krag en vrymoedigheid die suiwer evangelie verkondig.

Gebed is die energie om die wapenrusting wat God gee, te kan gebruik. Ons bid omdat ons weet hoe afhanklik ons is van God, en die Heilige Gees inspireer en begelei ons gebede. Die Gees gee ons wysheid in die stryd teen die bose magte, veral in die gebruik-making van die Woord. Omdat ons as gelowiges God se huisgesin is, het alle gelowiges (heiliges) gebedsondersteuning nodig. Ons moet bid dat al die gelowiges staande moet bly en die wederkoms van Christus aktief moet verwag.

Ons moet bid vir die predikers van die evangelie dat die Here hulle vrymoedigheid sal gee om die Woord suiwer en volgens die eis van omstandighede te bring. Paulus is nede-rig genoeg om te vra dat gelowiges ook vir hom sal bid. Die prediker is 'n ambassadeur van Christus en kan die Woord met Christus se gesag oordra na die hoorders. Teen die gebed is die bose magte magteloos, want die gebed vir onself, vir al die gelowiges en vir die predikers van die evangelie gee energie en krag in elke omstandigheid.

Sing: Skrifberyming 14-3:4

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)